

In die begin het God... (OP119)

Gen 1:1-13

5 Maart 2023

Vandag begin ons met 'n nuwe reeks preke, en wel 'n reeks uit die boek Genesis. Nou sou jy die vraag kon vra: Hoekom juis Genesis? Vir die van julle wat nou al geruime tyd na die preke luister, sal onthou dat ons oor die afgelope drie jaar na drie verskillende Bybelboeke gekyk het:

- Ons het begin met Openbaring. Die motivering hieragter was dat hierdie boek spesifiek aan gelowiges wat in die laaste dae leef, geskryf is met die doel dat hulle nie onkundig sal wees rakende wat hulle in die laaste dae kan verwag nie, en om hulle sodoende te bemoedig.
- Daarna het ons die boek Numeri bestudeer. Die motivering hieragter was dat dit logies aansluit by Openbaring. Numeri beskryf tog die woestyntog van die volk Israel op pad na die beloofde land – soos wat Openbaring die woestyntog van die gelowige in die laaste dae beskryf op pad na hulle finale verlossing met Jesus se wederkoms.
- Na Numeri, het ons Hebreërs bestudeer. Die rede hiervoor was dat ons in beide Openbaring en Numeri gekonfronteer was met God se verbode – in Numeri met die ou verbond, en in Openbaring met die realisering van die nuwe verbond. Die Hebreërboek leer ons baie oor die oorgang van die ou verbond na die nuwe verbond.

By verskeie geleenthede het ek verwys dat die ou en nuwe verbond egter net twee dele is van God se genadeverbond met die mensdom, oftewel van God se ewige verbond. Ek het probeer om kortliks die ander dele van die ewige verbond te verduidelik – maar elkeen van hulle regverdig natuurlik 'n studie op sy eie. Die ander dele waarna ek verwys het, is die verbond wat God met Adam en Eva gesluit het na die sondeval, die verbond met Noag na die sondvloed, die verbond met Abraham, en ook die verbond met Dawid. Die sluiting van die verbond met Adam na die sondeval, die verbond met Noag en ook die verbond met Abraham word in Genesis bespreek. Nou al die verbode met Adam na die sondeval, met Noag, met Abraham, die Sinaiverbond, die verbond met Dawid en die nuwe verbond wat die Sinaiverbond vervang het, vorm saam God se ewige verbond. Hierdie verbond is 'n genadeverbond. Maar daar was ook 'n verbond met Adam voor die sondeval – hierdie was 'n werksverbond – en dit word natuurlik ook in Genesis bespreek. Ek sou graag hierdie dele van die verbond wat in Genesis bespreek word, in groter detail wil hanteer.

Ek beplan egter nie om uitsluitlik net op die verbondsaspekte in Genesis te fokus nie. Ek wil graag God se openbaring in die eerste paar hoofstukke van Genesis bestudeer, wat dan natuurlik sal insluit dat ons op stadiums by dele van die verbode sal uitkom. As ek sê die eerste paar hoofstukke, bedoel ek voorlopig Gen 1 tot Gen 22 – maar ek sal herevalueer soos wat ons vorder.

Daar is natuurlik meer redes hoekom ons Genesis moet bestudeer. Immers is die boek deel van die Bybel, en is dus ook deur God geïnspireer. En daarom behoort ons ons ook in hierdie boek te verdiep. Verder: dink aan die laaste twee hoofstukke in die Bybel – Op 21 en 22 – dit is twee hoofstukke wat ons met groot opgewondenheid vul, omdat dit ons leer van die nuwe hemel en aarde, asook van die nuwe Jerusalem – waarheen ons as gelowiges op pad is. Maar daar is heelwat aspekte in daardie hoofstukke wat teruggryp na die eerste twee hoofstukke in Genesis. Kan ek 'n paar noem:

- Op 21:3 sê God se woonplek sal by die mense wees, en Hy sal by hulle woon as hulle God, en hulle sal Sy volke wees. Dit herinner sterk aan die verbond met Abraham, maar soos ons sal sien gaan dit selfs terug na Gen 1-2.

- Op 21:1 sê op die nuwe aarde is daar nie meer 'n see nie, Op 21:23 sê die nuwe Jerusalem het nie die son en die maan nodig om dit te verlig nie, Op 22:5 sê daar sal nie meer nag wees nie – terwyl al hierdie dinge se ontstaan in Gen 1-2 beskryf is as deel van die skeppingsgebeure.
- In Op 22:3 duik die boom van die lewe weer op wat dan 12 keer per jaar vrugte sal dra – maar Gen 2 beskryf juis die boom van die lewe in die tuin van Eden.

As ons die Bybel regtig wil verstaan, sal ons moet dink oor hoekom die ontstaan van hierdie dinge aan die begin van die Bybel beskryf word, maar aan die einde van die Bybel word gesê hulle bestaan nie meer nie.

Die boek Genesis

Kan ek enkele opmerkings maak oor die boek Genesis. Genesis maak deel uit van die Pentateug – dit is die eerste vyf boeke van die Bybel. Tradisioneel word Moses beskou as die skrywer van die Pentateug, en dus ook van Genesis. Daar is diegene wat kaspie maak teen Moses as skrywer – ek gaan nie daarop in nie, ek aanvaar dat Moses die skrywer was, wat natuurlik onder leiding van die Heilige Gees geskryf het. Moses het ongeveer 1400 vC geleef (sommiges redeneer rondom 1200vC). Dit beteken hy skryf in die eerste plek aan die volk Israel, na hulle vertrek uit Egipte. Maar alhoewel God se openbaring deur die Bybelse skrywers tydgebonde is en ons dus moet verstaan hoe daardie oorspronklike lesers die boek sou verstaan het, is dit ook tydloos – en daarom is die boek ook vir ons nuttig om te bestudeer.

Wat die struktuur van die boek Genesis betref, volstaan ek deur net te verwys na die bestaan van elf sogenaamde “toledots” deur die loop van die boek. “Toledot” is die Hebreeuse woord vir “geslagte” of “geskiedenis”. Elf keer lees ons in Genesis: “Hier volg die geskiedenis van” of “Hier volg die familiegeskiedenis van...”. Die eerste toledot is in Gen 2:4: “Dit is die geskiedenis van die hemel en aarde toe hulle geskep is.” Die tweede toledot is in Gen 5:1: “Hier volg 'n lys met die familiegeskiedenis van Adam.” Die derde toledot is in Gen 6:9: “Hier volg die familiegeskiedenis van Noag”. Dan is daar nog toledots wat die familiegeskiedenis van Noag se seuns (Gen 10:1), van Sem (Gen 11:10), van Tera (Gen 11:27), Ismael (Gen 25:12), Isak (Gen 25:19), Esau (Gen 36:1,9) en Jakob (Gen 37:2) inlei. In elke geval volg die familiegeskiedenis van die betrokke persoon op die spesifieke toledot. Die toledot is dus iets soos 'n opskrif wat aandui wat daarna gaan volg. Dit is belangrik om van kennis te neem, want dit help ons om die verband tussen Gen 1 en 2 reg te verstaan, soos ons later sal sien.

Genesis 1 en 2

Kom ons begin deur oorsigtelik in bietjie meer diepte na Gen 1 en 2 te kyk. Ek glo ons is almal vertrouwd daarmee dat Gen 1 en 2 God se skeppingsgebeure vir ons beskryf. Ek glo egter ook dat ons almal bewus is dat hierdie twee hoofstukke nie so maklik is om te verstaan nie, dat sekere aspekte in hierdie hoofstukke kontroversieel is en dikwels tot baie groot debat lei – selfs tussen ernstige gelowiges wat dit op verskillende maniere interpreteer. Kan ek 'n paar van die oënskynlike probleme in hierdie twee hoofstukke uitlig:

- Lees Gen 1:1-2. Is Genesis 1:1-2 'n opsomming van die skeppingsgebeure in die res van Genesis 1, of beteken dit dat die hemel en die aarde geskep was voor die eerste skeppingsdag, wat in Genesis 1:3 begin?
- Lees Gen 1:5 en 14. Op dag 1 het God dus lig/dag en donker/nag gemaak, terwyl Hy eers op dag 4 die son gemaak het met die doel om aan te dui wanneer dit dag en wanneer dit nag

is. Hoe kan dag en nag op dag 1 geskep word, terwyl die son, wat moet aandui wanneer dit dag en nag is, eers op dag 4 geskep word?

- Lees Gen 1:11. God het op dag 3 plante geskep. Hoe kan plante op dag 3 geskep word, maar die son eers op dag 4? Ons weet tog almal plante het sonlig nodig om te kan lewe en fotosinteer.
- En dan is daar die verband tussen Genesis 1:1-2:3 en Genesis 2:4-25. Hierdie twee gedeeltes word dikwels beskryf as twee skeppingsverhale. Maar as mens die detail van hierdie twee verhale vergelyk, lyk dit of daar wesenlike verskille is tussen die volgorde waarin die gebeure plaasgevind het. Volgens Gen 1 word die voëls op dag 5 geskep (Gen 1:20), en op dag 6 word eers die landdiere (Gen 1:24) en daarna die mens (Gen 1:26) geskep. Uit Gen 2:18-19 lyk dit of God eers vir Adam geskep het, toe die diere en die voëls, en eers daarna vir Eva. Hoe rym dit?
- 'n Ander rede is dat daar boonop ook nog oënskynlike verskille is tussen wat die Bybel leer en wat wetenskaplikes oortuig is, gebeur het met die ontstaan van die heelal en lewe. Baie gelowiges is oortuig die Bybel leer dat die heelal 6 000 jaar oud is, en dat lewe ontstaan het deurdat God elke vorm van lewe direk geskep het. Daar is egter wetenskaplike teorieë wat argumenteer dat die heelal 13,7 biljoen jaar oud is, en dat alle vorme van lewe uit een oorspronklike vorm van lewe ontwikkel het deur die proses van evolusie. Boonop is hulle oortuig dat daardie oorspronklike lewensvorm spontaan ontstaan het uit nie-lewende materie. Duidelik is hier groot verskille. Ek is bewus van ten minste nege verskillende sienings hoe om hierdie verskille te probeer aanspreek – ek beplan egter nie om dit in detail te bespreek nie.

Die punt om raak te sien is die volgende: As gevolg van hierdie probleme, fokus die meeste van die debat oor hierdie twee hoofstukke oor die detail van hoe God alles geskep het. Alhoewel dit nie onbelangrik is nie, is ek egter oortuig dat daar groter en belangriker sake is wat aandag verg. Twee sake wat eerder aandag verlang is enersyds dat God die Skepper is, en andersyds die doel waarvoor God die skepping gemaak het. As ons 'n behoorlike greep op hierdie twee aspekte het, verdwyn heelwat van die probleme wat hierbo genoem is, of ten minste help dit ons om op sinvolle maniere hieroor te dink. Ek kom later hierna terug.

Die genre / literatuursoort van Gen 1 en 2

As ons die Skrif verantwoordelik wil interpreteer, is dit belangrik dat ons die genre (tipe literatuur) van die gedeelte waarmee ons besig is, begryp. 'n Groot gedeelte van die Bybel is geskiedkundige verhale (oftewel narratiewe of prosa) – dink maar aan die res van Genesis, of boeke soos Samuel of Konings. Ander genres in die Bybel sluit in: poësie (bv. Psalms), wysheidsliteratuur (bv. Prediker), profesieë (bv. Jesaja), briewe (bv. Romeine) of eskatologie (bv. Openbaring). Dit is belangrik om te verstaan dat verskillende genres op verskillende maniere gelees word. Ons lees tog 'n psalm met die wete dat in poësie daar dikwels van digterlike vryheid gebruik gemaak word. Ons lees tog eskatologiese gedeeltes soos Openbaring wetende dat hier baie beelde gebruik word wat ons nie letterlik moet vertolk nie. Maar as ons Paulus se brief aan die Romeine lees, is dit belangrik om presies die logika van sy argument te volg. Die vraag is watter tipe genre is Genesis 1 en 2?

Ek het vroeër verwys na die teenwoordigheid van die sogenaamde toledots deur die loop van Genesis. Vir ons studie is die eerste toledot in Genesis 2:4 relevant. As ons die voorbeeld volg van al die ander toledots in Genesis, moet dit impliseer dat die stelling in Genesis 2:4 "Dit dan is die geskiedenis van die hemel en aarde toe hulle geskep is" verwys na die res van Genesis 2, en nie na Genesis 1:1-2:3 nie. Dit is die rede hoekom meeste vertalings 'n breek maak voor vers 4 (die NAV is

‘n uitsondering, en skep die indruk hierdie stelling verwys na die voorafgaande gebeure). Dit sou dus net logies wees om Genesis 2:4 en verder te aanvaar as geskiedenis (of ‘n narratief, of prosa), soos wat tipies ook waar is van die res van Genesis.

Maar wat dan van Genesis 1? Ek glo dis duidelik dis nie wysheidsliteratuur, ‘n profesie, ‘n brief of eskatologie nie. Sommige beskryf dit as poësie, maar Hebreeuse poësie word tipies gekenmerk deur die teenwoordigheid van parallelismes, wat hier ontbreek. Ek vind baie aanklank by CJ Collins (Genesis 1-4, A Linguistic, Literary and Theological Commentary) as hy die gevolgtrekking maak dat Gen 1 ook geskiedenis of ‘n narratief is, maar dan met ‘n verskil. Hy sê dit is geskiedenis op ‘n hoër vlak. Hy noem dit “exalted prose narrative”. Sy motivering hiervoor is as volg: Gewoonlik is daar meer as een party wat optree in ‘n narratief (kyk maar net na Genesis 2 waar beide God en Adam aan die woord is), maar in Genesis 1 is daar net een party wat optree, en dit is God. Die beskrywing is hoogs gestruktureerd: kyk maar net hoe elk van die ses skeppingsdae basies dieselfde struktuur volg – dis ongewoon vir tipiese geskiedenis verhale. Vreemde terme word gebruik, soos uitspannel. Presies wat word bedoel hiermee? Daar is detail (wat tipies is van narratiewe) en tog is die detail ook vaag. Dink maar aan stellings soos “die aarde het groen plante laat uitspruit” (Genesis 1:12) of aan die groepering van plante (Genesis 1:11) en diere (Genesis 1:21 en 24). As mens dit lees, dan kry jy die indruk dit is geskiedenis, maar tog ook nie. Dis asof daar ‘n hoër doel is as om bloot net die fisiese gebeure te kommunikeer. Dit beteken nie wat beskryf word is nie werklike fisiese gebeure nie, maar jy kry die indruk dit is gerangskik om iets meer te openbaar as bloot net die fisiese gebeure. Ons sal later sien hoe daar struktuur is in die gebeure van die ses skeppingsdae, asook in die verband tussen verse 1-2 en die res van Gen 1. Verder is daar die struktuur van ses skeppingsdae gevolg deur ‘n sewende dag van rus, waardeur God sy skeppingsordonansie van ses dae van werk gevolg deur ‘n dag van rus wil vestig, en terselfdertyd ook die konsep van ‘n ewige rus wat wag vir gelowiges. Ja, dis geskiedenis. Maar dis geskiedenis wat vertel word om baie meer te kommunikeer as net die skepping van die fisiese werklikheid.

Hierdie wyse van kommunikasie is nie uniek aan Genesis 1 nie. Dink maar aan die tabernakel wat ons al so dikwels in die verlede bespreek het. Dit was ‘n werklike fisiese tabernakel wat die volk moes bou. Maar God wil deur dit iets baie hoër aan die mensdom kommunikeer – naamlik sy verlossingsplan.

Dit is nie net Collins wat hierdie opinie het oor Gen 1 nie. Bruce Waltke skryf redelik breedvoerig hieroor. Hy vra: Is Gen 1 ‘n mite? Dan is sy antwoord dat as jy met ‘n mite bedoel dit is ‘n fabel of ‘n fantasie, is die antwoord: Nee. Is Gen 1 ‘n wetenskaplike beskrywing? Wel, daar is elemente van wetenskap: die rol van die hemelliggame word beskryf, daar is ‘n mate van klassifikasie van die plante en die diere – maar dit is nie die hoof fokus nie. Die hoof fokus is dat God die Een is wat optree – en per definisie kan die wetenskap nie God bestudeer nie. Is Gen 1 geskiedenis? Wel, daar is elemente van geskiedenis in. Maar soos ons vroeër gesien het is Gen 1 hoogs gestruktureer, en dit is nie tipies deel van geskiedenis nie. Boonop is geskiedenis gewoonlik ‘n beskrywing van iets wat die mens beleef het – maar vir die grootste gedeelte van Gen 1 was die mens nie teenwoordig nie. Is Gen 1 ‘n teologiese beredenering? Wel, daar is elemente van teologie in – immers leer ons van God en sy verhouding met die skepping. Maar dit is nie ‘n tipiese sistematiese teologiese beredenering van byvoorbeeld die Drie-Eenige God nie, alhoewel daar wel na die Drie-Eenheid verwys word. Sy gevolgtrekking op die ou end dit is ‘n literêre verduideliking van die verband tussen God en sy skepping, sodat ons as die verbondsgemeenskap kan weet die skepping is deur God geproklameer en Hy is intiem betrokke in die skepping want Hy het ‘n besondere doel daarmee in gedagte.

Nico van der Walt skryf ook hieroor, en hy sê daar enersyds elemente van prosa (narratief) in Gen 1 – dit beskryf werklike gebeure en dit bou op na ‘n klimaks met die skepping van die mens; maar daar

is ook elemente van poësie in – die patroonmatige struktuur en die refreine wat gereeld voorkom, byvoorbeeld: “Laat daar wees”, “En dit was so”, of “God het gesien dit is goed”.

Dit beteken ons moet versigtig wees om nie Genesis 1 te letterlik te lees nie. As jy dit doen, ontstaan daar baie vrae wat moeilik is om te antwoord – soos ons gesien het: Hoe kan daar dag en nag wees vanaf dag 1, maar die son en maan word eers op dag 4 geskep, terwyl dit juis die son en maan se opdrag is om te bepaal wanneer is dit dag of nag?

Myns insiens, is dit belangrik om te onthou dat die mikpunt van God se openbaring in Genesis 1 nie soseer is om vir ons die chronologie van die skeppingsgebeure bekend te maak nie. Soos hierbo bespreek, is die mikpunt eerder om te openbaar dat God die Skepper is van die heelal, en om Sy doel met elke deel van die skepping te openbaar, en dit dien as ‘n vertrekpunt van waar God sy handeling met mense kan inisieer en kommunikeer.

Hierdie siening oor die genre van Genesis 1 beteken ook ons sal moet besin oor die lengte van die skeppingsdae. Daar is ‘n siening onder behoudende Christene dat elk van die ses skeppingsdae ‘n fisiese dag van 24 uur was. Natuurlik, as ons Genesis 1 letterlik moet lees, dan moet dit die resultaat wees. Maar ons het nou alreeds gesien dit is nie die verantwoordelike manier om die hoofstuk te lees nie. Onthou ook: Dit is baie duidelik dat die sewende dag nie 24 uur was nie. Immers, God rus steeds van Sy skeppingswerk, en boonop sluit die sewende dag nie soos die ander ses skeppingsdae af met: “Dit het aand geword en dit het more geword. Dit was die sewende dag.” nie. Voeg hierby dat die term wat met “dag” vertaal word op ander plekke in die Bybel nie noodwendig ‘n periode van 24 uur aandui nie. Hier is ‘n paar voorbeelde: In Genesis 4:3 word dieselfde dag-term vertaal met “tyd”, of in Genesis 30:14 met “tyd van die koringoes”, terwyl dit in Jesaja 4:2 na ‘n tyd in die toekoms verwys.

Ek sien geen rede hoekom ons dogmaties aan 6 x 24 uur skeppingsdae moet vashou nie. Ek wil eerder saam met Augustinus en baie teoloë stem dat dit “skeppingsdae” is wat ‘n unieke karakter het. Ek moet glimlag as ek lees wat Nico van der Walt hieroor skryf. Hy sê: “Dit behoort ons te waarsku dat die duur van die skeppingsdae glad nie voorop is in Gen 1 nie. Of die skeppingsdae 24 lank was, of nie – hoe lank die “dae” dus geduur het – is glad nie wat God se Woord hier wil beklemtoon nie. Eintlik is dit nie ter sake vir die hele argument nie. Dit sou goedsikks lang tydperke kon wees – self baie, baie lang bedelings. Mens mag jou opinie hieroor hê – maar op Gen 1 kan jy dit nie begrond nie. Wat myself aanbetref, handel dit die dag-kwessie af.”

‘n Mens sou kon vra hoekom gebruik God spesifiek ‘n werkswaek gevolg deur ‘n rusdag om Sy skeppingswerk te beskryf? Wel, ons sal sien God het belangrike werk wat Hy vir die mensdom wil gee. Om hierdie taak uit te voer, gaan hulle hard moet werk vir 6 dae, en dan ‘n dag rus. Terselfdertyd is hulle op pad na die ewige rus. God gebruik die Genesis 1 skeppingsverhaal om hierdie beginsels aan die mensdom te kommunikeer.

In die begin het God die hemel en die aarde geskep (Gen 1:1)

Die openingstelling in die Bybel is: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep” (Gen 1:1). Die eerste saak wat God in Sy spesifieke openbaring aan die mensdom kommunikeer is: In die begin het God die hemel en die aarde geskep. ‘n Eenvoudige stelling met geweldige en verreikende implikasies.

Dit begin met: “In die begin”. Dit beteken daar was dus ‘n begin. Daar was dus ‘n stadium dat daar nie ‘n hemel en aarde was nie. Heelwaarskynlik verras dit jou nie – want jy weet mos dat God geskep het. Maar vir baie lank was dit nie die siening van baie wetenskaplike teorieë nie. Vir lank was die

algemene siening dat die heelal nog altyd bestaan het – die idee dat daar ‘n stadium was dat daar niks was nie, was eenvoudig ondenkbaar. Maar die huidige algemene siening onder wetenskaplikes is dat die heelal wel ‘n begin gehad het. Wel, God het al lankal so gesê – en Hy is die gesaghebbende otoriteit, siende dat net Hy daar was.

Gen 1:1 gaan verder en sê: “In die begin het God...”. God is die Een wat alles geskep het. God was direk en persoonlik betrokke. In die res van hoofstuk 1 is daar slegs een Persoon wat aktief is, en dit is God. Telkens word daar gesê: “En God het gesê, laat daar...”. En telkens word daar gesê: “En dit het so gebeur”. God is die Skepper. Genesis 2 onderstreep dieselfde waarheid. God word beskryf as die Een wat die mens vorm uit die stof van die aarde, die tuin aanlê, die wilde diere en die voëls vorm en ook Adam se ribbebeen ombou tot Eva. Al daardie interpretasies van die ontstaan van die heelal wat beweer dat dit bloot spontaan ontstaan het, is eenvoudig onaanvaarbaar en verkeerd.

Ons lees: “In die begin het God die hemel en die aarde gemaak.” As ons lees dat God die hemel en die aarde gemaak het, beteken dit God het alles gemaak. Voordat God dit gemaak het, was daar niks. Letterlik niks anders of niemand anders as net God self nie. Dit beteken dat God alles wat bestaan uit niks gemaak het. Dit is om waarlik te skeep – vanuit niks het God alles gemaak wat bestaan.

Die res van die Bybel onderstreep hierdie openingstelling. Dink aan Ps 8:4; “Wanneer ek na U hemelruim kyk, die werk van U vingers, die maan en sterre wat U gevestig het...”. Of dink aan Heb 11:3: “Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is. Gevolglik het dit wat gesien word, nie uit die sigbare ontstaan nie”. Dink aan Heb 1:2 waar van Jesus gesê word dat God deur die Seun die wêreld geskep het. Of dink aan die lofprijsing van die 24 ouderlinge voor God se troon in Op 4:11: “U is waardig, ons Here en God, om die heerlikheid en die eer en die krag te ontvang, omdat U alle dinge geskep het. Deur U wil het alles ontstaan, is dit geskep”.

Ons het vroeër gesien dat Waltke gesê het dat die doel met die skeppingsverhaal is onder andere dat God ‘n doel met die skepping het. Ek beplan om volgende week in meer detail te kyk na wat God se doel met die verskillende dele in Sy skepping is. Maar kom ons besin vir ‘n oomblik oor wat God se oorkoepelende doel met Sy skepping is. Natuurlik openbaar God Homself in die skepping self – ons sien byvoorbeeld in Sy skepping Sy almag om dit alles tot stand te bring, Sy wysheid oor hoe die verskillende dele bymekaar aanpas, Sy betrokkenheid in die skepping deurdat Hy by elke stap betrokke is, Sy heerskappy deurdat Hy dit alles bepaal en rig, Sy goedheid deurdat Hy self verklaar die skepping is goed, Sy versorging deurdat Hy dit alles in stand hou. En net dit is natuurlik al genoeg rede om God te verheerlik. Maar soos wat jy verder in Genesis en in die Bybel lees, kom jy agter die skepping is maar net die omgewing waarbinne God die mens as die kroon van Sy skepping wil plaas, en dit is in hierdie skepping wat Hy intens met hulle gaan werk, dit is in hierdie skepping wat Hy baie mense gaan verlos deur die werk van Sy Seun en die Heilige Gees. Hierdie mense gaan God prys vir Sy verlossing, en wanneer hierdie verlossingsproses klaar is, dan gaan die God ‘n einde bring aan die hemel en die aarde (2 Pet 3:10) – maar die mense wat verlos is sal dan saam met Hom op die nuwe aarde onder die nuwe hemel leef en hulle sal Sy lof besing soos die 24 ouderlinge: “U is waardig om die heerlikheid en die eer en die krag te ontvang!” Die doel met God se skepping is om die omgewing te skeep waarbinne Hy mense by die punt gaan bring dat hulle Sy lof sal besing. Ps 72:18-19 sê: “Die Here God, die God van Israel moet geprys word, Hy wat wonders doen, net Hy alleen. Sy luisterryke Naam moet vir ewig geprys word; mag Sy heerlikheid die hele aarde vul. Amen, amen.” God wil dat die hele aarde gevul sal wees met Sy heerlikheid – dit is Sy doel met alles, ook die skepping.

Afsluiting

Vandag het ons grotendeels oorsigtelik gekyk na die boek Genesis en Gen 1 en 2. Ek hoop om van volgende keer af in meer detail stil te staan by die inhoud self. Ek voorsien dat ons 'n hele paar weke by Gen 1 en 2 sal stilstaan omdat daar verskeie hoeke is waaruit ons na hierdie gedeeltes kan kyk. Ek hoop dat julle saam met my opgewonde sal raak oor die detail wat in hierdie twee hoofstukke opgesluit is, en hoe dit verder ontwikkel in die res van Genesis, en natuurlik in die res van die Bybel.